

<i>HOOFSTUK 1 BESKERMING VAN KINDERS</i>	3
VERPLIGTE AANMELDBARE SAKE	3
PROSEDURE VAN AANMELDING	3
ANDER AANMELDBARE SAKE INGEVOLGE ARTIKEL 150 VAN DIE KINDERWET	3
ONMIDDELLIKE VERWYDERING VAN 'N KIND	4
WAT BEHELS KINDERHOFPROSEDURES?	4
WAT BEHELS DIE PLASING VAN 'N KIND IN PLEEGSORG?	6
<u>VERANTWOORDELIKHEDE VAN PLEEGOUERS</u>	6
<u>REGTE VAN PLEEGOUERS</u>	7
WAT BEHELS PLEK VAN VEILIGHEID?	7
VERWAARLOSING VAN KINDERS	7
<u>TEKENS VAN VERWAARLOSING</u>	8
<u>GEDRAGSPATRONE VAN VERWAARLOSING</u>	9
<u>DIE GEVOLGE VAN VERWAARLOSING</u>	9
FISIEKE MISHANDELING	9
<u>TEKENS VAN FISIEKE MISHANDELING</u>	9
<u>GEDRAGSPATRONE WAT OP FISIEKE MISHANDELING KAN DUI</u>	10
<u>GEVOLGE VAN MISHANDELING VAN KINDERS</u>	10
SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS	10
<u>TEKENS VAN SEKSUELE MISBRUIK</u>	11

<u>GEVOLGE VAN SEKSUELE MISBRUIK.....</u>	12
<u>GEDRAGSPATRONE VAN SEKSUELE MISBRUIK.....</u>	12
<u>BESKERMING VAN JOU EIE KIND TEEN SEKSUELE MISBRUIK</u>	12
<u>KINDERREGTE</u>	15
<u>WATTER REGTE HET KINDERS?</u>	15
<u>WETGEWING TEN OPSIGTE VAN KINDERS WAT MET DIE GEREGBOTS:.....</u>	16
<u>OUERDOMSGROEPE VAN KINDERS WAT INGEVOLGE DIE STRAFPROSESWET AANGEKLA KAN WORD:.....</u>	16
<u>BOELIEGEDRAG.....</u>	16
<u>VORME VAN BOELIEGEDRAG:.....</u>	17
<u>TEKENS DAT JOU KIND MOONTLIK GEBOELIE WORD</u>	17
<u>HANTERING VAN BOELIEGEDRAG</u>	17
<u>WENKE VIR OUERS.....</u>	18
<u>KUBER-BOELIEGEDRAG</u>	18
<u>WENKE VIR KINDERS /TIENERS OM KUBER-BOELIEGEDRAG TE HANTEER</u>	19
<u>WENKE VIR OUERS OM DIE KUBER-BOELIEGEDRAG TE STOP</u>	19
<u>VOORKOMING VAN KUBER-BOELIEGEDRAG.....</u>	20
<u>ALGEMENE VEILIGHEIDSWENKE VIR OUERS OM AAN HUL KINDERS OOR TE DRA.....</u>	20
<u>NUTTIGE KONTAKNOMMERS.....</u>	22

HOOFSTUK 1

BESKERMING VAN KINDERS

Die Kinderwet nr. 38 van 2005 beskerm kinders. In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

Die beste belange van die kind is allesoorheersend. – in alle aangeleenthede betreffende die versorging, beskerming en welsyn van 'n kind moet die maatstaf geld dat die kind se beste belange van oorheersende belang is.

VERPLIGTE AANMELDBARE SAKE

Artikel 110 van die genoemde wet bepaal dat die volgende sake aangemeld **MOET** word:

- vermoede van enige vorm van mishandeling van en handel dryf van 'n kind.
- vermoedens dat 'n kind doelbewus verwaarloos word.

Indien 'n persoon versuim om sodanige sake aan te meld, maak hy hom skuldig aan 'n misdryf.

PROSEDURE VAN AANMELDING

- Bekom volledige identifiserende gegewens met die oog op aanmelding.
- Daar word aanbeveel dat 'n beëdigde verklaring met bogenoemde inligting afgelê sal word.
- Alhoewel sake anoniem aangemeld kan word – word daar ten sterkste aanbeveel dat alle identifiserende besonderhede verskaf word, aangesien 'n anonieme aanmelding die ondersoek kan vertraag.

Hierdie sake moet by een van die volgende instansies aangemeld word:

- 'n geregistreeerde kinderbeskermingsorganisasie, soos byvoorbeeld Badisa, NG Welsyn, Christelike Maatskaplike Raad, Kindersorg, Suid-Afrikaanse Vroue Federasie;
- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
- Kinderhof – by die naaste landdroshof waar die kind woonagtig is;
- SAPD – die eenheid vir gesinsgeweld en seksuele misdade;
- Kinderlyn (Childline)

ANDER AANMELDBARE SAKE INGEVOLGE ARTIKEL 150 VAN DIE KINDERWET

Daar is ingevolge artikel 150 van die genoemde wet sekere bepalings wat omskryf wanneer 'n kind sorg en beskerming nodig het, naamlik indien hy/sy:

- verlaat of verwees is en sonder enige sigbare lewensmiddele is;
- gedrag openbaar wat nie deur die ouer of versorger beheer kan word nie;
- op die strate lewe en werk of bedel vir 'n lewe;

- verslaaf is aan 'n afhanklikheidsvormende stof en sonder enige ondersteuning is om behandeling te verkry vir sodanige afhanklikheid;
- geëksploiteer (blootgestel of uitgebuit) word of lewe in omstandighede wat die kind blootstel aan uitbuiting;
- lewe in of blootgestel word aan omstandighede wat daardie kind se fisieke, geestelike of maatskaplike welsyn ernstig kan benadeel;
- in gevaar mag wees wanneer die kind terugbesorg word aan die toesig en beheer van die ouer, voog of versorger van die kind aangesien daar rede is om te glo dat hy of sy sal leef in of blootgestel sal word aan omstandighede wat die kind se fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn ernstig kan benadeel;
- in 'n staat van fisieke of geestelike verwaarlosing is; of mishandel, misbruik, doelbewus verwaarloos of verneder word.

ONMIDDELLIKE VERWYDERING VAN 'N KIND

Indien daar genoegsame gronde aanwesig is dat 'n kind in lewensgevaar verkeer, kan die kind onmiddellik uit sy/haar omstandighede verwyder word.

Sodanige verwydering word deur middel van 'n **Vorm 36** soos deur die genoemde Wet voorgeskryf is gedoen.

Die volgende persone is gemagtig om 'n Vorm 36 uit te reik:

- 'n geregistreerde maatskaplike werker in diens van 'n geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie;
- 'n beampte van die SAPD.

Die Vorm 36 moet binne 24 uur deur die voorsittende beampte van die naaste kinderhof bekragtig word. Elke landdroshof het 'n kinderhof.

Die betrokke maatskaplike werker het voorts 90 dae om 'n ondersoek na die omstandighede te doen en 'n aanbeveling ten opsigte van die plasing van die betrokke kind aan die kinderhof te maak.

WAT BEHELS KINDERHOFPROSEDURES?

- Sodra bewerings ingevolge Artikel 150 van die Kinderwet onder die aandag van 'n kinderbeskermingsorganisasie kom, word 'n ondersoek deur die betrokke maatskaplike werker gedoen.
- **Maatskaplike werkers is verplig om alle sake vertroulik te hanteer – besonderhede ten opsigte van die saak mag dus nie bekend gemaak word nie.**
- Normaalweg sal 'n maatskaplike werker egter eers die saak behoorlik ondersoek alvorens die saak voor die kinderhof gebring word - slegs in uiterste gevalle sal 'n Vorm 36 uitgereik word.

- Die beste belange van die kind moet die bepalende faktor wees in enige besluit rakende 'n kind wat beskerming benodig.
- In die geval van seksuele misbruik kan daar van 'n forensiese assessering gebruik gemaak word - hierdie forensiese assessering kan slegs deur 'n geregistreerde maatskaplike werker of opvoedkundige sielkundige wat 'n meestersgraad in forensiese assessering het, gedoen word.
- 'n Verslag van hierdie assessering moet ook by die finale kinderhofverslag ingesluit word. Die doel van die forensiese ondersoek is om te verseker dat die inligting wat die kind deurgegee het, kennis word. Dit gebeur soms dat kinders nie altyd die oortreder openbaar nie en deur middel van die forensiese proses word die identiteit van die beweerde oortreder bekend gemaak.
- In die geval van fisieke mishandeling moet foto's van die kind se beserings geneem word. Die betrokke kind moet ook medies ondersoek word.
- Die vorm wat deur 'n mediese dokter voltooi moet word, staan bekend as 'n J88-vorm en dit word ook as bewysstuk by die kinderhof sowel as die kriminele hof ingedien.
- Nadat die maatskaplike werker die ondersoek voltooi het, word 'n verslag volgens die riglyne van die Wet op Kindersorg, Vorm 38, saamgestel.
- Die hofrolle in die kinderhof is gewoonlik baie vol en daar is dikwels 'n waglys. Die maatskaplike werker moet die biologiese ouers in kennis stel van die hofdatum en -tyd.
- Die betrokke maatskaplike werker moet die verslag met die ouers bespreek voor die hofverrigtinge 'n aanvang neem.
- Die biologiese ouers asook as die betrokke kind het die reg tot regsverteenvoording op die betrokke dag van die kinderhofverrigtinge.
- Regshulp word verleen indien die ouers nie genoegsame fondse tot hul beskikking het om 'n prokureur te bekostig nie.
- Die kind word ook deur regshulp ondersteun om toe te sien dat die beswil van die kind vooropgestel word. Dit sal gewoonlik 'n prokureur of advokaat wees wat 'n kundige op die gebied van kinderregte is.

Die kinderhof sal op grond van die beskikbare inligting een van die volgende beslissings ten opsigte van die kind/ers maak:

- Herstel van kind/ers in ouerlike sorg, met of sonder bepaalde voorwaardes.
- Verwydering van kind/ers uit ouerlike sorg en plasing in alternatiewe versorging wat insluit:
 - Pleegsorg
 - Kinderhuis
- Daar moet ook 'n behandelingsplan vir beide die ouers en kind/ers by die kinderhof ingedien word.

- Die dienste wat na afloop van die Kinderhofverrigtinge plaasvind, staan bekend as “gesinsherenigingsdienste”.
- Indien die kind/ers in alternatiewe sorg geplaas word, word die bevel normaalweg elke twee jaar hersien. Vir hierdie doeleindes moet daar ingevolge artikel 159 van die Kinderwet ’n verslag oor die ouers sowel as die kind/ers by die kinderhof ingedien word.
- Indien die ouers se omstandighede sodanig verbeter het en dit in die belang van die kind/ers is, kan die kind/ers in ouerlike sorg herstel word.
- Indien daar nog nie sodanige herstel plaasgevind het nie, kan die bevel verleng word sodat die kind/ers in alternatiewe sorg bly.

WAT BEHELS DIE PLASING VAN ’N KIND IN PLEEGSORG?

- Pleegsorg behels dat ’n kind by gekeurde pleegouers geplaas word nadat hy of sy deur die kinderhof ingevolge die Kinderwet, sorgbehoewend bevind is.
- Redes vir die verwydering van kinders uit ouerlike sorg hou verband met onder meer fisieke, seksuele en/of emosionele mishandeling, fisieke en/of emosionele verwaarlosing, ernstige gesinskonflik en gesinsgeweld, alkohol- en dwelmmisbruik deur die ouers en onstabiele maatskaplike funksionering.
- Indien daar genoegsame gronde is om die kind uit ouerlike sorg te verwyder, sal die voorsittende beampte van die kinderhof ’n bevel uitreik wat onder andere kan spesifiseer dat die kind in pleegsorg by goedgekeurde pleegouers geplaas moet word.
- ’n Pleegsorgbevel is normaalweg vir twee jaar geldig. Die omstandighede van die kind se ouers sal weer geëvalueer word ten einde te bepaal of die kind in ouerlike sorg herstel kan word.
- Die pleegouers werk in vennootskap met die betrokke maatskaplike werker ten einde te verseker dat daar in al die behoeftes van die kinders voorsien word.
- Voornemende pleegouers se motiewe moet suiwer wees en hulle moet aan ’n kind in nood ’n stabiele en liefdevolle ouerhuis bied. Die betrokke welsynsorganisasie doen ook ’n keuring van voornemende pleegouers.

Verantwoordelikhede van pleegouers

Pleegouers moet die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van die kind in hul pleegsorg nakom:

- Die pleegouers is verantwoordelik om in die daaglikse behoeftes van die kind te voorsien.
- Kontak tussen die betrokke kind en sy of haar biologiese ouers of familie (afhangende van die omstandighede) mag nie belemmer word nie, solank hierdie kontak in die betrokke kind se belang is.
- Hulle moet toesien dat die betrokke kind gereeld skool bywoon.
- Daar moet positiewe samewerking tussen die betrokke maatskaplike werker en die pleegouers wees en die maatskaplike werker moet gereelike toegang tot die pleegouers se woning hê.

- Die pleegouers moet in die kind se belang ten opsigte van sy of haar fisieke, emosionele en sosiale ontwikkeling optree.
- Hulle moet dissipline toepas en mag nie die kind aan enige vorm van fisieke geweld of vernedering onderwerp nie.
- Die pleegouers moet verseker dat die betrokke kind dieselfde behandeling as die res van die kinders in die gesin ontvang. Die pleegsorgplasing behoort geborgenheid aan die kind te bied.
- Indien die pleegouers van adres verander moet die betrokke maatskaplike werker daarvan in kennis gestel word.

Regte van pleegouers

- Pleegouers het die reg om daaglikse besluitneming in belang van die pleegkind te neem.
- Pleegouers het die reg tot 'n aanvaarbare mate van privaatheid en mag nie deur die biologiese ouers of familie gedreig word nie.
- Pleegouers het die reg om volledig oor die plasing en risiko's (indien enige) ingelig te word deur die betrokke maatskaplike werker.
- Pleegouers het die reg om ingelig te word oor die pleegkind se skoolse geskiedenis, assesserings en prestasies ten einde optimaal in sy/haar behoeftes te kan voorsien.
- Pleegouers is vrygestel van skoolfonds vir die kind wat in hul pleegsorg geplaas is. 'n Toelaag van R890-00 vanaf die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) is aan pleegouers betaalbaar.
- Indien pleegouers lid van 'n mediese fonds is, mag hulle die pleegkind as afhanklike op die mediese fonds registreer, andersins ontvang die pleegkind mediese hulp deur staats hospitale.

WAT BEHELS PLEK VAN VEILIGHEID?

- 'n Plek van veiligheid is 'n tydelike blyplek waar kinders tuisgaan hangende 'n kinderhofondersoek.
- Die tydsduur wat 'n kind in 'n plek van veiligheid verkeer is dus korter as in die geval van pleegsorg. Volgens die Kinderwet moet 'n kinderhofondersoek binne 'n tydperk van ses maande afgehandel wees.
- Die verantwoordelikhede van die veiligheidsplekouers is basies dieselfde as dié van pleegouers.
- 'n Veiligheidsplektoelaag wat deur die Departement van Maatskaplike Dienste geadministreer word, is aan veiligheidsplekouers betaalbaar.

VERWAARLOSING VAN KINDERS

Verwaarlosing beteken dat die ouer of versorger van 'n kind nie voldoende in die kind se basiese behoeftes voorsien nie. Hierdie behoeftes sluit die volgende in:

- Voldoende voeding

- Geskikte huisvesting
- Veilige omgewing
- Gesondheidsorg
- Beskerming teen natuurlike elemente
- Skolastiese opleiding

Verwaarlosing kom dus voor wanneer 'n ouer of 'n versorger van die kind wel in staat is om in bogenoemde behoeftes van die kind te voorsien, maar versuim om dit te doen.

Indien hierdie aspekte verwaarloos word, word kinders se groei, asook hul fisieke, intellektuele en emosionele ontwikkeling negatief beïnvloed.

Tekens van verwaarlosing

Wanneer verwaarlosing van kinders vermoed word, kan daar gekyk word of die volgende tekens aanwesig is:

- konstante honger – word nie van voedsame voedsel voorsien nie;
- kom vuil voor – tekens dat die kind nie gereeld bad nie;
- klere is konstant vuil en onversorg;
- swak persoonlike higiëne;
- tandprobleme;
- lusteloosheid en konstante moegheid;
- fisieke probleme of siektes wat nie aandag geniet nie – ouer of versorger sal byvoorbeeld versuim om die kind betyds in te ent;
- swak spiertonus
- openbaring van die kind dat niemand hom/haar versorg nie;
- slaperigheid – sal in die klas slaap;
- word nie teen die natuurlike elemente beskerm nie – soos byvoorbeeld erge sonbrand, of nie genoegsaam geklee in die winter nie;
- fisieke beserings wat 'n onveilige omgewing impliseer;
- velsere soos omlope en bytmerke veroorsaak deur insekte wat nie behandel word nie;
- ondergewig met 'n geswelde maag;
- agterstand in ontwikkelingsmylpale;
- word dikwels alleen sonder toesig gelos.

Gedragspatrone van verwaarlosing

- onttrekking op sosiale gebied;
- swak kommunikasie-vaardighede;
- gebrek aan motivering;
- angstigheid;
- tekens van depressie;
- bedel/steel kos;
- aandagsoekend;
- kom buitengewoon vroeg skool toe en bly tot laat by die skool;
- spraak- en taalontwikkeling is nie op standaard nie.

Die gevolge van verwaarlosing

Kinders wat verwaarloos word kan korttermyn- asook langtermyn skade opdoen wat dwarsdeur hul lewe duur.

Die volgende kan uit verwaarlosing voortspruit:

- Kinders wat nie voldoende liefde en sekuriteit by hul ouers of versorger ontvang nie, kan dit moeilik vind om gesonde verhoudings met ander mense later in hul lewens te handhaaf, insluitend hul eie kinders – bindingsprobleme kan manifesteer.
- Kinders wat verwaarloos is, is meer geneig om psigiatrisse probleme, onder andere depressie en post-traumatiese stres te ontwikkel.
- Tieners wat aan verwaarlosing blootgestel word kan risiko-gedrag openbaar soos om weg te loop, met die gereg te bots of in gevaarlike verhoudings betrokke te raak wat kan veroorsaak dat hulle aan seksuele uitbuiting blootgestel word.
- Verwaarlosing kan 'n invloed op die kind se breinontwikkeling hê: - wanneer 'n baba byvoorbeeld aan wanvoeding ly, word die breinselle swak en kan dit tot 'n verlaagde breinfunksie lei.
- Verwaarlosing kan die risiko vir die ontwikkeling van depressie, paniek aanvalle en post traumatiese stres gedurende volwassenheid verhoog.

FISIEKE MISHANDELING

Fisieke mishandeling kan omskryf word as 'n besering wat 'n kind opdoen sonder dat dit 'n ongeluk was – dit is 'n fisieke besering wat doelbewus toegedien is. Fisieke mishandeling kan wissel van kneusplekke tot brandwonde en selfs frakture. Die gevolge van fisieke mishandeling is vêrreikend.

Tekens van fisieke mishandeling

- uitermatige straf van 'n kind vir 'n geringe oortreding;
- onverklaarbare kneusplekke en blou-kolle wat waarskynlik deur vuishoue veroorsaak is;
- brandmerke wat deur 'n sigaret veroorsaak is;
- bytmerke.

Gedragspatrone wat op fisieke mishandeling kan dui

- wantrou volwassenes;
- gereeld afwesig van skool – veral op 'n Maandag;
- vertraging in emosionele en intellektuele ontwikkeling;
- uiterste gedrag – byvoorbeeld uiters opgewonde of kwaad;
- openbaar 'n vrees om huis toe te gaan.

Gevolge van mishandeling van kinders

Buiten die fisieke beserings wat opgedoen word, het die blootstelling aan mishandeling ernstige en dikwels langtermyn gevolge vir die kind se sielkundige en sosiale ontwikkeling, hul gedrag asook hul gesondheid. Indien hierdie aspekte nie doeltreffend aangespreek word nie, kan dit in die kind se volwasse jare steeds 'n deurslaggewende rol speel.

Die gevolge van mishandeling is vêrreikend en kan die volgende insluit:

- depressie;
- alkohol- of dwelmmisbruik;
- angstigheid;
- selfdoodneigings.

Mishandeling in enige vorm word as uiters traumaties deur 'n kind beleef. In die geval van mishandeling word die trauma as komplekse trauma beskryf, met ander woorde die trauma geskied herhaaldelik.

Die trauma wat die kind deur mishandeling opdoen, het 'n invloed op ontwikkeling van die kind se brein en kan lei tot leerprobleme en vertraging in die kind se kognitiewe ontwikkeling.

Indien die trauma nie behoorlik hanteer word nie, kan die gevolge daarvan permanent wees. Soms is die invloed dadelik sigbaar, in ander gevalle manifesteer die gevolge eers jare daarna.

SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS

Seksuele misbruik van kinders kan omskryf word as die blootstelling van kinders aan seksuele aktiwiteite waarvoor hulle nie gereed is nie, waaraan hulle nie 'n behoefte het nie en nie toestemming voor verleen het nie. Die aktiwiteit is bloot ter bevrediging van die volwassene of ouer kind.

Die seksuele misbruik van kinders is 'n strafbare oortreding en daar rus 'n onus op die howe om 'n minimum vonnis van 15 jaar op te lê indien 'n persoon daaraan skuldig bevind word.

Seksuele misbruik van kinders sluit onder andere die volgende dade in:

- aanraking met 'n seksuele konnotasie aan enige deel van die liggaam – met of sonder klere aan;
- seksuele penetrering, insluitend penetrasie van die mond (orale seks);
- aanmoediging dat die kind aan seksuele dade meedoen – insluitend masturbasie;
- seksuele omgang wat doelbewus voor 'n kind plaasvind;
- kind blootstel aan pornografie, of kinders gebruik om pornografiese materiaal te vervaardig;
- ontbloting aan kinders;
- gesprekke met die doel om kinders seksueel te prikkel;
- kind in prostitusie dwing.

Daar word beraam dat 1 uit 4 dogters en 1 uit 6 seuns in Suid-Afrika seksueel gemolesteer word voor die ouderdom van 16 jaar.

Tekens van seksuele misbruik

Die volgende tekens en gedragspatrone kan voorkom by kinders wat slagoffers van seksuele misbruik is:

- skielike gewigsverlies of gewigstoename;
- enuresie (bed natmaak);
- wisseling in gemoedstoestand;
- nagmerries;
- oormatige masturbasie;
- seksueel ontoepaslike gedrag;
- gedragsprobleme soos huilerigheid, probleme met dissipline, woede-uitbarstings, depressie of die vrees om na 'n sekere persoon of skool toe te gaan;
- ondervind ongemak om te loop of te sit;
- kneusing, bloeding in die geslagsdele;
- soms sal kinders seksuele gedrag teenoor ander kinders openbaar – seksspeletjies;
- swak portuurgroep-verhoudings;
- agteruitgang in skoolvordering of hom of haarself onder geweldige druk plaas om te presteer;
- gevoelens van depressie;
- buitengewoon skaam en teruggetrokke;
- drastiese verandering in gedrag/persoonlikheid;

- trek lae klere oormekaar aan – selfs in die somer;
- aggressiewe uitbarstings;
- eetversteurings – soos anoreksie of bulimie (Anoreksie is 'n eetversteuring wanneer die persoon hom/haar doelbewus van kos weerhou om gewig te verloor. Bulimie is 'n eetversteuring wanneer 'n persoon hom/haar doelbewus ooreet en agterna van die kos ontslae raak deur dit op te bring – vinger in die keel te druk.)

Gevolge van seksuele misbruik

Soos in die geval van fisieke mishandeling het die seksuele misbruik van kinders ernstige gevolge vir die slagoffer indien dit nie behoorlik hanteer word nie. Die gevolge daarvan kan permanent wees. Soms is die invloed dadelik sigbaar, in ander gevalle manifesteer die gevolge eers jare later.

Gevolge van seksuele misbruik van kinders kan die volgende insluit:

- verwarring oor seksuele identiteit;
- kan as volwassene 'n weersin in seksuele intimiteit ontwikkel;
- slagoffer beleef dat daar 'n stigma aan hom/haar kleef – die kind voel anders as ander kinders;
- onvanpaste skuldgevoelens oor wat met hom/haar gebeur het;
- as gevolg van die geheimhouding kan die kind hom/haar isoleer van ander en gevolglik nie in staat wees om verhoudings op te bou nie;
- lae selfbeeld, geen of min selfvertroue;
- depressie.

Gedragspatrone van seksuele misbruik

- aggressiewe uitbarstings wat soms tot kriminele gedrag lei;
- selfbesering;
- selfdoodneigings;
- seksuele preokkupasie of kompulsiewe seksuele gedrag;
- alkohol- of dwelmmisbruik;
- eetversteurings;
- slaapversteurings;
- psigo-somatiese klagtes – fisiese simptome soos maag- of hoofpyne ontwikkel as gevolg van die spanning wat die kind ervaar.

Beskerming van jou eie kind teen seksuele misbruik

Seksuele misbruik van kinders is 'n uiters komplekse probleem – die inligting wat hier verskaf word kan nie professionele behandeling vervang nie, maar dit bied eenvoudige pro-aktiewe stappe om kinders te beskerm.

ONTHOU dat selfs die volwassenes wat as gevolg van hul posisie in die samelewing eerbaar behoort te wees, nie altyd vertrou kan word nie. Probeer jouself indink hoe moeilik dit vir 'n kind is om vir 'n ouer, 'n onderwyser of afrigter “NEE” te sê.

Sorg dat jy as ouer bewus is van die realiteite met betrekking tot seksuele misbruik - wees bewus van die feite:

- Kenners reken dat na beraming word 1 uit elke 4 dogters en 1 uit elke 6 seuns seksueel misbruik word voor hul 16de verjaardag - dit wil sê dat in enige klaskamer of woonbuurt vol kinders, daar kinders is wat die slagoffer van seksuele misbruik is.
- Op die internet word 1 uit elke 5 kinders genader om seksueel te verkeer – moontlik teen betaling
- Meeste slagoffers rapporteer nooit die misbruik nie.
- Slagoffers wat nooit die misbruik onthul nie, se risiko is groter om sielkundige, emosionele en sosiale probleme te ervaar in hul volwasse jare.
- Die kans is goed dat die kind die molesteerder sal ken: 30% - 40% van kinders word seksueel misbruik deur familie-lede; tot 60% van slagoffers word misbruik deur persone wat deur die ouers vertrou word as gevolg van die posisie wat die persoon beklee.
- Die oortreder kan ook ouer of groter kinders wees (dis nie altyd volwassenes nie).
- Persone wat kinders seksueel misbruik lyk en tree nie enigsins anders op as iemand anders nie – intendeel, hulle sal uit hul pad uit gaan om betroubaar voor te kom ten einde maklike toegang tot kinders te verkry.

“Dit kan nie in my familie gebeur nie – ek sal in staat wees om ‘n molesteerder uit te ken” – Tog, in meer as 90% van sake van seksuele misbruik is die molesteerder aan die familie en die kind bekend en heers daar vertrou tussen hulle.

Tref voorsorg en wees bedag op 'n een-tot-een verhouding tussen jou kind en 'n volwassene of ouer kind:

Individuele tyd met 'n betroubare volwassene kan van groot waarde vir 'n kind wees. Dit kan egter gebeur dat die volwassene aan wie die ouer sy kind toevertrou, die kind gedurende die een-tot-een sessies seksueel misbruik.

Seksuele misbruik kan voorkom word en jou kind kan beskerm word deur die volgende te doen:

- Ouers moet besin oor die wenslikheid dat die kind voortdurende blootstelling op 'n individuele basis aan 'n volwassene of ouer kind het – kies eerder 'n groepsituasie waar moontlik.
- Die ouer kan onaangekondig die sessie/kuier onderbreek wanneer die kind alleen met 'n volwassene is, selfs al is dit 'n familie-lid.

- Die ouer moet kennis dra ten opsigte van die presiese aktiwiteite wat deur die ander persoon beplan word. Die ouer moet let op die persoon se vermoë om spesifiek rakende die aktiwiteite met die kind te wees.
- Gesels met jou kind wanneer hy/sy terugkeer. Let op jou kind se luim en sy/haar vertelling van hoe die uitstappie/aktiwiteit met die volwassene/ouer kind was.
- Maak 'n punt daarvan om vir volwassenes/ouer kinders wat tyd met jou kind spandeer, te vertel dat jou kind ingelig is ten opsigte van seksuele misbruik. Wees reguit.
- Waar ouer kinders toegang tot jonger kinders het, maak seker dat 'n volwassene ook teenwoordig is om toesig te hou.
- Hou toesig oor jou kind se internet-gebruik – seksuele oortreders maak gereeld van die internet gebruik om kinders te kontak.

Verstaan waarom kinders bang is om oor die seksuele misbruik te praat:

- Die seksuele oortreder verneder sy slagoffer; blameer die kind dat die misbruik sy/haar skuld is en dat die kind die misbruik wil hê.
- Die seksuele oortreder sal deurentyd vir die kind sê dat sy/haar ouers woedend vir hom/haar gaan wees indien die kind die misbruik aan die ouers sou openbaar.
- Sommige seksuele oortreders sal dreig om skade aan die kind se ouers/familie te berokken indien die kind die misbruik openbaar.
- Die seksuele oortreder manipuleer die kind tot so mate dat die kind sal voel sy ouers sal teleurgesteld wees in hom/haar.
- Die kind word deur die seksuele oortreder onder die indruk gebring dat die misbruik net 'n speletjie is.

Wees op die uitkyk vir tekens van seksuele misbruik – die tekens is dikwels daar, maar jy moet dit kan raaksien:

- Fisieke tekens van misbruik is nie altyd algemeen nie, maar wanneer die kind se geslagsdele rooi en opgeswel is, moet dit ondersoek word, hiermee saam kan kroniese maagpyn of kopsere ook voorkom.
- Emosionele- en gedragspatrone is meer herkenbaar onder kinders wat seksueel misbruik word: dit kan wissel van “te perfek” tot onttrekking en depressie of onverklaarbare woede-uitbarstings.
- Seksuele gedrag wat nie ouderdomstoepaslik is nie, kan ook 'n gevaarteken wees.

Onthou net dat by sommige slagoffers daar geen tekens sigbaar is nie.

Gesonde en openlike kommunikasie met jou kind kan sy/haar weerbaarheid teen seksuele misbruik versterk:

- Leer jou kind van kleins af wat seksuele misbruik is.
- Verduidelik dat 'n seksuele oortreder soms 'n vriend of familielid kan wees en dat ouer kinders ook seksuele oortreders kan wees.
- Leer jou kinders om nooit hul persoonlike gegewens op die internet beskikbaar te stel nie.
- Praat gereeld daaroor sodat die kind 'n gemaklikheid kan ontwikkel om enige ervaring met jou te deel.

KINDERREGTE

Artikel 28 van hoofstuk 2(Handves van Regte) in die Grondwet van die

Republiek van Suid-Afrika verduidelik die regte van kinders:

Watter regte het kinders?

Elke kind het die reg

op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;

- op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;
- op basiese voeding, skooling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;
